ng kerk weltevreden
lewe vir die stad

Jaargang 22, Nr. 1 April 2021

# WELTEWOORD

GEMEENTEBLAD VAN NG WELTEVREDEN

# Seepbel-herinneringe

Desember sit ek op die onderste stoep van ons huis by Vleesbaai. Op die boonste dek speel my boetie se kleinkinders en hulle blaas uitbundig seepbelle. Vir 'n oomblik dryf daar 'n volmaakte seepbel by my verby, die son se strale maak daarop 'n reënboog met al sy wonderlike kleure. Ek verwonder my daaraan en dan is dit skielik verby.

Die 34 jaar in NG Weltevreden en 40 jaar in die bediening voel soos daardie veelkleurige seepbel. Ons het baie sulke heilige oomblikke in Weltevreden beleef en ek deel graag 'n paar daarvan.

Toe ek, Linda en Herkie op 9 Maart 1987 in Weltevreden verwelkom is, was Hendrik Potgieter nog 'n enkelpad en oorkant Christiaan de Wet net plotte. Op die kerkterrein was slegs die kerkgebou, wat in November 1985 ingewy is, en ons pastorie. Ek het altyd gesê dat ons 'n Bybelse kerk is, want ons het die bokke van die skape geskei. Ons een buurman, Cleto Ramos, het boerbokke gehad en ons het van hom die grond gekoop wat nou ons parkeerterrein is. Ons ander buurman, Johan Venter het skape gehad, daar waar die skool nou is. Later is die kategese-klasse, die kleinsaal (koffiewinkel) en die tweede pastorie op die terrein gebou, en in 2008 die kapel. As deel van die "Baby Boomer"-generasie was dit vir my 'n voorreg om deel van al hierdie bouprojekte te wees. Karl en Jako het tot nou hulle hele lewe op hierdie besondere terrein gewoon, gespeel en grootgeword en al hierdie mylpale beleef.

Ons het met 'n droom hier aangekom: om deel te wees van 'n verwelkomende en diverse gemeente. Aanvanklik was alle gemeentes maar bloudrukke van mekaar, maar mettertyd het Weltevreden gegroei met diverse eredienste en bedienings. Hier was nog altyd 'n openheid dat nuwe mense deel kon word; ja, 'n vreemde gasvryheid. Die bediening van verskillende generasies met verskillende aanbiddings- en musiekstyle, kry jy nie in alle gemeentes nie. As jy in die kerkgebou instap, is dit afdraand tot voor, jy word ingetrek en uitgenooi om deel te word. Ons uitreike na Mosambiek en België het deel van die gemeente se missionale DNA geword, dat ons Lewe vir die Stad. So het ons ook waar ons woon, werk en ontspan die Evangelie uitgeleef om 'n verskil te maak aan die plekke waar daar nood en uitdagings is.

Wat ek altyd sal onthou, is dat ons selde 'n behoefte of nood bekend gemaak het sonder dat iemand met hulp of 'n skenking daardie nood verlig het. Die Here het inderdaad op wonderlike wyses voorsien.

Dit was 'n voorreg om saam met verskeie kollegas te kon saamwerk. Juis dié saamwerk het 'n besondere karakter aan die bediening hier gegee. Soos die seepbel ook soos 'n traan lyk, het ons baie hartseer saam met die gemeente en ook met ons kollegas gedeel. Van die swaarste tye in my bediening was die dood van ons kollega Buurman Botha in 'n motorongeluk en die skielike dood van Hansie en Lanette se seun Herman Breedt. Ons het baie saam gehuil. Ons kon ook wonderlik saam kuier en saam lag en soos Langenhoven gesê het, die swaarkry met lekkerkry klaarkry. Baie dankie aan al die kollegas deur die loop van die 34 jaar.

Daar was ook baie trane van blydskap, waar lidmate na operasies en behandeling nog genade-tyd ontvang het. Waar mense stukkend hier ingetrek het na 'n egskeiding, verplasing of dood van 'n geliefde en hulle Weltevreden as 'n genesende gemeenskap beleef het. Die Barnabasgroep het hierin 'n enorme rol gespeel. Dit was ook altyd 'n voorreg om die glinster in mense se oë te kon deel. Soos as 'n bruidegom se oë so groot soos "spotlights" word as sy bruid by die kerkdeur instap; die blydskap van ouers by die geboorte van hul kinders of 'n oupa of ouma wat hul kleinkind met deernis die kerk indra met die doop. Prysloos kosbaar!

Om weg te gaan, skryf iemand, is om 'n stukkie te sterf. Orals en altyd laat jy 'n deel van jouself agter. Aanvanklik het dit vir my na 'n baie morbiede boodskap geklink, totdat ek besef het dat dit die Evangelie se boodskap is. Die koringkorrel moet sterf voordat nuwe groei en vrug moontlik is.

Ons groet Weltevreden met baie mooi seepbel-herinneringe wat ons altyd in ons harte sal saamdra, maar ons besef dat 'n nuwe seisoen vir ons aangebreek het waarna ons uitsien. Ons weet dat die huidige leierspan die gemeente verder sal lei en uitbou. Aan die Here al die eer.

**Groete**
**Kobus en Linda Sandenbergh**



# 'n Hart vol dankies

Deur Alda Boer

Dankie is nie genoeg om te sê hoe ongelooflik dankbaar ons is vir almal wat weer die afgelope tyd ingespring het en aktief betrokke was by ons onderskeie projekte nie. Ons kon reeds vanjaar soveel mense – lidmate en nie-lidmate – help met onder andere kruideniersware, skoolvervoer, mediese uitgawes en skryfbehoeftes met behulp van donasies wat ontvang is vir ons koskas asook vir gesinne in nood. Dankie aan elkeen wat 'n bydrae gemaak het en ook die vrywilligers wat help met die verpakking en aflewering van die pakkies.

## Ons vrywilligers is die hartklop van ons projekte

By Jan Hofmeyer het ons groep vrywilligers gesorg dat die skool toegerus is met alles wat nodig was om te kon heropen.

By Huis Erasmus op die Langlaagte-kampus en die Blou Huis op die Maria Kloppers-kampus van die Abraham Kriel Kinderhawe is ons vrywilligers steeds hard aan die werk om die kinders in die twee huise te ondersteun. Ons help met die aanvulling van kos, verjaardagvieringe, uitstappies, klere, matriekafskeide, jaarafsluitings en meer.

## Die emosionele ondersteuning van ons vrywilligers is van onskatbare waarde

Dankie aan elkeen wat deel is van ons Barnabasgroep wat jaar in en jaar uit daar is om lidmate op ons weeklikse Lief en Leed-lys te ondersteun. Julle konstante betrokkenheid en omgee beteken vir hierdie mense verskriklik baie. Die Silwerhoekie vir ons senior lidmate kom nog nie fisies byeen nie, maar gaan ook voort om mekaar in hierdie tyd te ondersteun. Dit word opreg waardeer.

Treasures, ons tweedehandse winkel, se deure het 4 April geopen. Daar kan huishulpe, tuinwerkers en ander goeie kwaliteit tweedehandse items koop teen billike pryse. Ons is dankbaar vir almal wat gehelp het om die winkel gereed te kry asook die vrywilligers wat dit bestuur. Dankie ook aan almal wat reeds klere en ander items vir die winkel geskenk het.

Nogmaals dankie aan elkeen wat die gemeente op watter manier ook al ondersteun! Elke gebed, skenking, betrokkenheid en omgee word waardeer. Dankie dat julle ons help om ander te help en so 'n verskil te maak in ons gemeente en ons gemeenskap.

## Hoe kan ek help

- Skenkings kan Maandae tot Vrydae voor 13:00 by die kerkkantoor afgegee word.
- Kontantdonasies kan in die kerk se bankrekening inbetaal word. Onthou asb. om 'n verwysing bv. koskas, gesinne in nood, projekte of dankoffer by te sit sodat ons weet waar om die geld aan te wend.

Vir enige navrae kontak gerus ons Direkteur: Versorging, Alda Boer, by 011 475 5510.



*Skenking van lessenaars aan Huis Erasmus*



*"Scrapbooking" by Blou Huis*

# NG Weltevreden Finansies
# Genade Onbeskryflik Groot!

Deur Saret Britz

*Hebreërs 13: 16*
*"Moenie nalaat om die goeie te doen of om mededeelsaam te wees nie. Want dít is die offers wat vir God aanneemlik is."*

Vir elkeen van ons wat deel is van 'n geloofsgemeenskap soos NG Weltevreden is dit 'n voorreg en 'n verantwoordelikheid om God te dien en te eer en om ons offers van tyd, energie en ook ons finansies na God toe te bring. Dit is wat Hy gebruik om Sy koninkrykswerk te doen.

Ons was aan die begin van 2020 met die afskop van 'n nuwe finansiële jaar so bekommerd oor hoe ons met die beperkte hulpbronne tot ons beskikking deur die jaar sou kom. Waar ons selfs gedink het dat ons net 'n paar maande oor sou hê voor al ons fondse uitgeput sou wees, het die Covid-pandemie ons verder gedwing om sente om te draai. Maar ons het ook geweet dat die kerk nou, meer as ooit tevore, moes aantree en help waar die nood die grootste was.

Ons kan met diepe dankbaarheid sê dat waar ons begroot het vir 'n tekort, ons die finansiële jaar kon afsluit met 'n surplus – groter as wat NG Weltevreden nog ooit gehad het! Ons weet dat dit alleenlik is omdat gemeentelede en selfs mense van buite die gemeente besef het dat die kerk 'n veilige plek is waar geld wat geskenk is, verantwoordelik gebruik sou word vir noodverligting. Ons het ook met behulp van ons aanlyn-eredienste ons digitale voetspoor vergroot na verskeie lande, waar kykers ook met ongekende vrygewigheid bydraes in ons bankrekening gemaak het. Ons kan net sê: Dankie! Dankie! 'n Duisend maal dankie!

Ons het gesien hoe dankoffers elke maand getrou inkom en omdat ons ons bedieningsmodel moes aanpas, kon ons uitgawes beperk tot die absolute noodsaaklike. Wat verder verblydend was, is dat ons hande kon vat met Novo Futurum, ons gemeente se nie-winsgewende organisasie, en hulp aan die gemeenskap kon verleen – 38% meer as die vorige jaar! Ons kon ook tydens 'n baie moeilike jaar al ons personeelsalarisse betaal en steeds by al ons bedieninge uitkom. Sommiges het selfs gegroei. Ons is nie net uitgedaag met die 'nuwe normaal' nie, ons is ook bo alle verwagting geseën. Stories hiervan sal nog lank vertel word.

Namens die Finansiële Kommissie (FINKOM) en die Kerkraad wil ons graag elkeen wat tyd en energie geskenk het en finansieel 'n bydrae gelewer het hartlik bedank. Ons sukses lê nie net in groot skenkings nie, maar in die baie mense wat elke Sondag en elke maand bydraes gee volgens hul vermoë.

Ons het stewige doelwitte gestel vir die 2021 boekjaar. Geen gemeente kan sonder geld bestaan nie en 'n gemeente se inkomste kan net kom van bydraes van lidmate en ander weldoeners. Van ons R10m begroting kom 75% uit dankoffers, 13% van erediens-kollekte, 5% uit die Tiende-Maand-Dankfees, 3% van huurgeld ontvang, 2% van skenkings, 1% uit fondsinsamelings en 1% uit ander bronne. Ons glo en vertrou dat die Here ons weer hierdie jaar gaan seën met krag, wysheid en fondse om ons roeping te kan uitleef om te "Lewe vir die Stad".

## Gebed:

Dankie God vir genade, sorg en voorsiening. Dankie dat ons weet dat ons al ons vertroue in U kan stel. U het vir NG Weltevreden voorsien in 2020 en ons weet dat U weer sal voorsien in 2021. Ons is U gemeente wat impak wil maak in die wêreld waarbinne ons leef, werk, speel en ook soms nie wil wees nie. Lei elkeen wat by hierdie gemeente betrokke is om te gee soos wat U dit op hul harte druk en om deel te neem soos wat U van ons vra. Met tyd, energie en ja Here, ook met ons bydraes, wil ons U dien. Ons bring dit na U toe as offer en ons vertrou U daarmee. Amen.

# 2020 – Genadejaar vir NG Weltevreden!

Deur Tanya Krause

15 Maart 2020 President Cyril Ramaphosa hou sy eerste "familievergadering" en kondig 'n Nasionale Ramptoestand vir Suid-Afrika af.

Op 16 Maart 2020 besluit die leiers van die gemeente om alle eredienste en samekomste by die kerk op te skort asook die kerkgebou en kerkkantoor tot verdere kennisgewing te sluit. Die leraars en personeel skarrel om nuwe planne te maak in 'n baie onseker tyd, want al is die kerk toe, kan die kerk nie verdwyn nie. Meer as ooit het mense nodig om te weet die kerk is daar – om te help, te bemoedig, te troos en 'n lig te wees in 'n donker tyd. Personeel werk van hul huise af. Niemand weet wat om te verwag nie.




Op Sondag 22 Maart is ons eerste aanlyn-erediens beskikbaar op ons nuwe YouTube-kanaal. Dis nuwe terrein vir die leraars en ook vir die "mediaspan" wat ons nie regtig voorheen gehad het nie. Dis "green screens", klank, beligting, "intro's" en wat goed lyk op kamera en wat nie, maar soos die tyd aangaan raak almal meer gemaklik met die nuwe opset.



Neil Du Plessis
22 March 2020
Sondag, 22 Maart 2020

Soveel emosies maal vanoggend in my gemoed (en ek glo ook deur baie ander predikante kollegas landswyd & wêreldwyd).

Vir die eerste maal ooit in die bediening staan ek voor 'n kerkgebou met toe deure en my hart is seer. Niemand om vandag fisies te groet en in te nooi nie. Niemand wat met oorgawe saam sing nie. Niemand aan wie die Woord bedien kan word, saam met wie brood gebreek kan word of vir wie gebid kan word nie.

Ek herinner my aan die konfrontasie tussen Jesus en die Jode in Johannes 2:19 waar Hy sê "...breek die laaste klip van hierdie tempel af en in net drie dae sal Ek dit weer opbou."20"Wat! Dit het 46 jaar se harde werk gekos om hierdie tempel te bou! En jy wil dit sommer in drie dae doen!" sê die Jode dadelik. 21Jesus het egter met "hierdie tempel" na sy eie liggaam verwys. 22Toe Hy later uit die dood opgewek is, het sy volgelinge hierdie woorde van Hom baie goed onthou.

Hoewel dit onbekende tye is, is daar ook vars geleenthede om op nuwe maniere kerk te wees. Mag ons in die dae en weke wat voorlê werklik ontdek wat ons so lankal vir mekaar leer: Die kerk is nie net 'n gebou nie. Ek en jy is die kerk. Lewende stene. 'n Geestelike huis en 'n heilige priesterdom.

Mag ons mekaar telkens herinner: Waar ook al twee of meer in Sy naam vergader daar belowe Hy sal Hy ook wees.

Dietrich Bonhoeffer skryf: "Die kerk is niks anders nie as Christus in die bestaanswyse van die gemeente. Dit beteken ons is Christus se oë, ore, mond, stem en teenwoordigheid in hierdie wêreld. In ons moet mense die Seun van God, die Verlosser van die wêreld sien en ontmoet.

Die Corona virus ruk nie net nasies nie, maar ook gelowiges tot stilstand. Dit daag ons uit om nuut te dink oor ons roeping, die waarde van die gemeenskap van gelowiges, wie ons naaste is en ook ons eie broosheid.

Mag ons angstigheid en vrese in hierdie dae en weke plek maak vir die opstandingskrag van ons Here Jesus wat reeds in ons leef.

Mag ons oor 'n ruk van nou af terugkyk en bely dat ons omstandighede ons nie gedefinieer het nie, maar ons vertroue in Hom en ons omgee vir mekaar.

Mag elkeen wat jou pad kruis in hierdie komende dae die Verlosser van die wêreld ontmoet en kerk beleef. Sela.






23 Maart 2020 Almal sit weer bankvas voor die televisie om te hoor dat ons vir twee weke 'n grendeltydperk binnegaan. Vir 14 dae mag ons net uit ons huise gaan vir kruideniersware en medikasie en werk toe as jy 'n essensiële diens verrig. Die strate is leeg.


Ons eerste digitale Palmsondag, Heilige Week, Goeie Vrydag en Opstandingsondag! Hoe vreemd is dit nie! Dis tog 'n tyd van saamwees, maar ons mag nie eens by ons families wees nie en die kerkgebou is steeds toe.







Die leraars, kerkraad en personeel raak kreatief. Weeklikse Zoom-vergaderings maak ons opgewonde, want nou kan jy vergader in jou pajamas en pantoffels sonder dat iemand weet. Ons raak selfs kreatief met ons Zoom-agtergronde: vandag is jy op die Franse platteland en more op 'n eiland! Dit laat ons 'n bietjie beter voel.




***Dan word twee weke nog twee weke en nog 'n maand en ...***

In April sien ons eerste KiX-kerk aanlyn-dienste vir ons laerskoolmaats, die lig! Selfs ouers en oumas en oupas geniet om dit saam met hulle kinders en kleinkinders te kyk.




Die nood is groot en al is dit 'n uitdaging om fisies by mense in nood uit te kom, moet ons help. Ons pak die maskerprojek aan, vra vir items vir ons kospakkies, neem musse, serpe en kolwyntjies vir Mandeladag na organisasies wat dit nodig het en help ook met MES se Winterhoop-projek. Van ons lidmate sukkel; mense verloor hul werk, gesinne het nie kos om te eet nie en meer mense stoei met hul geestesgesondheid en om positief te bly. Ander gee kruideniersware, help finansieel, praat mense moed in en bid vir die gemeente en ons mense.







25 Mei 2020 Kerke mag gedurende vlak 3 van die inperking onder streng voorwaardes heropen, maar ons besluit om vir eers die status quo te behou. Ons eerste aanlyn-Pinkster vind plaas. In Junie begin ons met ons eerste aanlyn-kursus vir ouers en ons eerste Engelse erediens. Laasgenoemde is iets waaroor ons al lankal gesels en droom, maar nou het die omstandighede ons gedwing om dit vinniger in plek te kry. Vir van die leraars is dit 'n nuwe, vreemde ervaring, maar gou bereik ons mense ver buite ons landsgrense met die Woord van die Here! Einde Junie word die eerste baba weer in NG Weltevreden gedoop – 'n vreemde, gemaskerde ervaring, maar tog wonderlik!







Einde Julie deel ons in die vreugde van Ds Ferreira en Carla met die geboorte van hul seuntjie, Daniël. Dit voel of dinge stadig begin terugkeer na 'n tipe "nuwe normaal". Ons is uitgehonger vir saamkuier. In Augustus hou ons 'n Weltevreden "drive-thru". Met maskers en handskoene bak ons pannekoek, maak boereworsrolle, verpak kerrie en rys en gee die voorafgepakte bestellings sommer so deur die motorvenster aan. Almal is opgewonde om mekaar weer te sien, al is dit van agter 'n masker vir net 'n paar minute. Die manne- en vrouebybelstudies kom weer bymekaar in die koffiewinkel na maande se Zoom-bybelstudies.








**21 September 2020** NG Weltevreden open na ses maande weer die kerk se deure! Aan die begin is lidmate maar versigtig om eredienste by te woon al word Covid-19-protokol streng gevolg. Ons is dankbaar vir die lidmate wat wel opdaag want kerk aanlyn in jou pajamas in die bed is darem net nie dieselfde as kerk in die kerk saam met ander gelowiges nie! In Oktober skop ons Seisoen van Dankbaarheid af en al bereik ons nie die teiken nie, is ons ongelooflik dankbaar vir die bydraes wat ons ontvang. Ons hou ook vir die eerste keer weer nagmaal in die kerk en ook aanlyn in ons Engelse erediens.

**1 November 2020** Nog 'n eerste! Ons "gaan live" met ons Afrikaanse eredienste en weer is daar 'n klomp nuwe dinge wat ons moet leer doen. In plaas van ons jaarlikse dankie-funksie hou ons 'n spesiale dankie-erediens met Jak de Priester in die kerk. Wat 'n spesiale geleentheid en vir 'n kort rukkie vergeet ons dat ons steeds in die middel van 'n pandemie is. Maar as daar nou een ding is wat Covid-19 nie van NG Weltevreden sou wegvat nie, is dit 'n basaar! Begin November hou ons lekker pretloop en basaar en almal kuier so lekker saam dat sommiges se uur-beurt van pannekoekbak sommer vrywilliglik die hele dag aanhou. Ons hou Kerssangdiens en samel Pakkies van Hoop in vir haweloses en minderbevoorregtes in ons gemeenskap vir Kersfees. Ons hou kerk op Kersdag, sommer drie eredienste! Ons beweeg deur die verskillende vlakke van inperking. Vlak 1 is tog seker baie na aan normaal? Is daar hoop? As 2020 tog net verby kan wees!










**28 Desember 2020** Familievergadering en die vader van die nasie kondig aan dat ons weer terugkeer na vlak 3 van inperking. Kerk en kantoor gesluit, 50 mense by 'n begrafnis, geen ander samekomste nie. Oujaar is ons almal vroeg in die bed en ons hoop en bid dat 2021 'n beter jaar vir almal sal wees. Dis nogal vreemd of seker wonderlik hoe vinnig 'n mens kan aanpas by 'n situasie as jy besef jy het net geen ander keuse nie.

**14 Februarie 2021** Die kerk se deure is weer oop, al mag ons net 50 mense per erediens akkommodeer. Ons eerste "Koffie-kuier" en Vrydag Aktueel word opgeneem en aanlyn gedeel met lidmate en nie-lidmate in wie se huis ons nou al amper 'n jaar kuier. Ons besef die "nuwe normaal" is konstante verandering en die vermoë om daarby aan te pas. Vir nou hanteer ons dit 'n week op 'n slag.




In Maart hou ons konsert saam met Nataniël en in April kan ons Paasfees in die kerk vier!

**18 April 2021** Ons neem saam met 700 mense, versprei oor drie eredienste, afskeid van Ds. Kobus en Linda Sandenbergh. Daar word buite gekuier, in die koffiewinkel en kerksaal. Ons hou veilige afstand van mekaar, maar ons bekers loop oor! Dit voel amper soos in die 'ou' dae voor die pandemie. Ons besef dit is nie noodsaaklik om ver vooruit te beplan nie; ons het geleer om aanpasbaar te wees. God bly in beheer. Solank ons fokus op die werk van die kerk en dit wat belangrik is, sal ons oukei wees.





# Totsiens Ds Kobus!

Dit was swaar om op Sondag 18 April afskeid te neem van Ds Kobus Sandenbergh wat einde April aftree. Vir 34 jaar was Kobus en Linda 'n kosbare deel van die gemeente. Ons sê vir julle dankie dat ons vir 34 jaar saam met julle kon reis. Ons gaan julle vir seker baie mis. Ons wens julle baie sterkte toe met die nuwe hoofstuk in jul lewens.



















# Algemene **Inligting**

Met diè dat ons nie meer weekliks gedrukte afkondigings uitdeel by die kerk nie en ter wille van lidmate wat nuut is of nog nie gereed is om kerkdienste by te woon nie, deel ons graag weer 'n paar brokkies belangrike algemene inligting.

## Eredienste op Sondae

**Afrikaans**
08:00, 10:00 en 17:30 in die kerk.
Regstreekse uitsendings op ons YouTube-kanaal (NGK Weltevreden).

**Engels**
Aanlyn op YouTube.

**KiX-kerk (Gr R – Gr 6)**
KiX-eredienste aanlyn op YouTube.
Kategese aanlyn op Zoom.

**JonkX (Gr 7 – Gr 11)**
Sondae om 8:30 in die saal.

**Belydenisklas**
Sondae om 17:30 in die kapel.

Die kerkkantoor is tot verdere kennisgewing oop op Dinsdae en Donderdae vanaf 08:00 – 13:00.

Tel: 011 475 5510 | Faks: 086 598 4880

## Leraars en personeel

**Ds Hettie Wessels**
hettie@ngweltevreden.co.za | 083 254 6833

**Dr Neil du Plessis**
neil@ngweltevreden.co.za | 082 346 5238

**Ds Ferreira Marais**
ferreira@ngweltevreden.co.za | 072 804 0621

**Gemeentebestuurder – Saret Britz**
bestuurder@ngweltevreden.co.za
**Direkteur: Versorging – Alda Boer**
alda@ngweltevreden.co.za
**Lidmaatsake en verhurings – Mari Hamman**
skriba@ngweltevreden.co.za
**Finansies – Tersia Schoonwinkel**
finansies@ngweltevreden.co.za
**Jeug – Ilze de Villiers**
jeug@ngweltevreden.co.za
**Bemarking – Tanya Krause**
bemarking@ngweltevreden.co.za
**Faktotum – Dirk Botha**
faktotum@ngweltevreden.co.za
**Tegniese dienste – Keith Bateman**
keith@ngweltevreden.co.za

## Versorging

**Berading**
Berading word gratis aan lidmate en nie-lidmate verskaf. Dit sluit individuele, huweliks-, gesins- en traumaberading in.

**Kursusse**
Kursusse in bv. huweliksvoorbereiding, Divorce Care en Grief Share word van tyd tot tyd aangebied.

**Verwysings en samewerking met professionele persone**
Alda Boer, ons maatskaplike werker, het 'n goeie verhouding met professionele persone soos mediese dokters, arbeidsterapeute, tandheelkundiges, sielkundiges en psigiaters, opvoedkundiges en spraakterapeute, ens. en kan help met verwysings.

**Ander verwysings**
Kontak asb. vir Alda Boer vir inligting oor en hulp met opname in rehabilitasiesentrums of aftree-oorde.

**Alda Boer, Direkteur: Versorging, 011 475 5510**

**Besoek gerus ons webtuiste by www.ngweltevreden.co.za vir meer inligting.**

## Bybelstudies en groeigroepe

### Woensdae

**Manne 05:30 in die koffiewinkel.**
Navrae: Dr Neil du Plessis, 082 346 5238
**Manne 06:30 in K6 & K7.**
Navrae: George Louw, 082 491 5313
**Jong volwassenes 19:00 – 20:00 in die koffiewinkel.**
Navrae: Ds Ferreira Marais, 072 804 0621

### Donderdae

**Vroue 08:00 in die koffiewinkel.**
Navrae: Ds Hettie Wessels, 083 254 6833

### Saterdae

**Manne 07:30 in K6 & K7.**
Navrae: George Louw, 082 491 5313

**Indien jy graag by 'n groeigroep wil inskakel, kontak gerus Ds Hettie Wessels by 083 254 6833 of hettie@ngweltevreden.co.za.**

## Kommunikasie

Gebruik gerus ons verskillende kommunikasiekanale om te weet wat in die gemeente gebeur! Kontak Tanya Krause, ons bemarker, by bemarking@ngweltevreden.co.za om ons e-pos- of sms-kommunikasie te ontvang of om by ons Whatsapp-groep aan te sluit.